encourage
one another

30 APRIL 2017

**PRAAT MEKAAR MOED IN**

1Ts 5:1-11
Oor die tyd en omstandigheid wanneer hierdie dinge sal gebeur, is dit nie nodig om aan
julle te skrywe nie, broers. (2) Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here
onverwags kom soos 'n dief in die nag. (3) Wanneer die mense sê: “Alles is rustig en
veilig,” sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou, en
niemand sal ontkom nie. (4) Maar, broers, julle leef nie in die duisternis nie; dié dag sal
julle nie soos 'n dief oorval nie. (5) Julle is tog almal mense van die lig, mense van die
dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. (6) Laat ons dan nie slaap soos die
ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees. (7) Dié wat slaap, is van die nag;
en dié wat hulle dronk drink, is van die nag. (8) Maar ons wat van die dag is, moet
nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as
helm. (9) God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here
Jesus Christus verlos te word. (10) Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons
by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe. (11) Praat mekaar
moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

**DIE WAAROM, WIE EN WAT VAN BEMOEDIGING**

1 ONS LEEF SAAM IN ‘N DONKER WÊRELD (VS 1-4)

2 ONS LEEF SAAM AS KINDERS VAN DIE LIG..(5-8)

3 ONS LEEF SAAM ONDERWEG NA ONS BESTEMMING (9-10)



**SAAM-PRAAT-VRAE:**

1 Waarom het ons almal soms bemoediging nodig?

2 Watter verskil maak dit dat ons kinders van God is wanneer dit by bemoediging kom?

3 Watter voorbeelde tref ons in die Bybel aan van bemoediging?

4 Watter voorbeelde kan jy opnoem van moed gee of moed inpraat uit jou lewe?

5 Watter verskil sal dit maak as ons almal aktief bemoedigers is waar ons gaan?

6 Wat in hierdie gedeelte inspireer jou om ‘n bemoediger te wees?

